# WorksheetCloud.com - Memorandum

**Vak:** Graad 8 Afrikaans: Huistaal
**Onderwerp:** Afrikaans HT: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 102 Punte

---

1. B: Klanknabootsing en vergelyking — 4 punte

**Verduideliking:**
'n Vergelyking is 'n naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk; stylfiguur. Woorde soos soos en net soos of nes word gebruik om aandag op die vergelyking te vestig. Klanknabootsing (ook onomatopee); is die gebruik van woorde om die klanke wat hulle beskryf, te skep.

---

2. Wie | Daardie | Iemand — 6 punte

**Verduideliking:**
Vraende voornaamwoorde = Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom: dis by vraagsinne.
Aanwysende voornaamwoorde = hierdie, daardie, dié: dit wys iemand/iets aan.
Onbepaalde voornaamwoorde = iemand, almal: dis nie spesifiek nie.

---

3. B: "met die haelgeweer" en "met die klein ogies" — 4 punte

**Verduideliking:**
Byvoeglike bepalings (woord of sinsnede) beskryf die onderwerp of voorwerp (selfstandige naamwoorde) in die sin.

---

4. waar — 2 punte

**Verduideliking:**
Bv. "herken", "erken" en "beken" is almal van die stamwoord "ken" afkomstig en is dus paronieme.

---

5. doelbewus — 3 punte

**Verduideliking:**
Antonieme is woorde met teenoorgestelde betekenisse.

per abuis = per ongeluk
doelbewus = opsetlik

---

6. Jan eet genoeg totdat hy versadig is. — 3 punte

**Verduideliking:**
Woordorde in tweede sin verander.

Werkwoord 1 in sin 2 gaan na die einde van die sin.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

7. Eufemisme 3 punte

**Verduideliking:**
'n Eufemisme is 'n versagtende uitdrukking of omskrywing; verbloeming; word gebruik om nie gevoelens seer te maak nie, bv. lang vingers hê (steel).

---

8. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
Spanmaat is die antoniem van opponent. 'n **Opponent** word ook 'n **teenstander** genoem.

---

9. Iets is besig om te gebeur. | Iets behoort te gebeur. 3 punte

**Verduideliking:**
Die infinitief vertel vir ons meer van die werkwoord:
Leidrade "om", "behoort" en "te".

---

10. eienaam | soortnaam 4 punte

**Verduideliking:**
Name van mense, plekke = Eiename en word met hoofletters gespel.

Algemene name = soortname bv. diere, kinders.

---

11. waar 2 punte

**Verduideliking:**
Bv. Ek skop die bal.

Ek = onderwerp, speel = gesegde, die bal = voorwerp

---

12. 14 | Italiaanse 4 punte

**Verduideliking:**
Sonnet = 14 versreëls
Oktaaf = 8 versreëls
Sestet = 6 versreëls

---

13. A: Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie en Gaskorporasie. 4 punte

**Verduideliking:**
Akronieme is 'n verkorting van 'n woord.
Bv. HAT - handleiding van die Afrikaanse taal

---

14. onpersoonlik | onpersoonlike 4 punte

**Verduideliking:**
"dit" is 'n onpersoonlike voornaamwoord, <u>hael</u> is die onpersoonlike werkwoord.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

15. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
'n Onderskikkende sin is wanneer die saamgestelde sin uit een of meer hoofsin en een of meer onderskikkende sinne of bysinne bestaan.
Die sin wat saam met die voegwoord gaan, is altyd die bysin or onderskikkende sin.

---

16. B: Die son skyn. 4 punte

**Verduideliking:**
Wanneer 'n werkwoord nie 'n voorwerp aanneem nie, word die werkwoord "onoorganklik" genoem.

---

17. waar 2 punte

**Verduideliking:**
Al drie die woorde dui op die emosie **hartseer** en is dus sinonieme.

---

18. B: Die kinders hardloop daar. 4 punte

**Verduideliking:**
'n Bywoord van plek dui aan waar 'n werkwoord / handeling plaasvind.
Waar (plek) hardloop die kinders? Daar.

---

19. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
'n Predikatiewe byvoeglike naamwoord staan na die selfstandige naamwoord wat dit beskryf.

Bv. Die senter van die rugbyspan is vinnig.

---

20. homofoon | paroniem 4 punte

**Verduideliking:**
Homofone = woorde wat dieselfde klink, maar anders gespel word en dus van betekenis verskil.
Paronieme is woorde wat dieselfde stam het, maar verskil in betekenis.

---

21. twee | maar 4 punte

**Verduideliking:**
'n Veelvoudige sin het twee hoofsinne en word verbind met "en" of "maar".

Albei sinne het ewe veel waarde.

---

22. A: Oksimoron. 4 punte

**Verduideliking:**
Oksimoron is 'n stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe met mekaar verbind word.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

23. B: Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die onderwerp aan. 4 punte

**Verduideliking:**
Die gesegde vertel meer van die onderwerp.

Die tiener = onderwerp, eet = gesegde.

---

24. koeplet **|** kwatryn **|** sestet 6 punte

**Verduideliking:**
2 versreëls = koeplet
4 versreëls = kwatryn
6 versreëls = sestet
8 versreëls = oktaaf

---

25. Alliterasie 3 punte

**Verduideliking:**
Alliterasie is die herhaling van konsonate - meestal aan die begin van woorde.

---

26. hard | "hard" 3 punte

**Verduideliking:**
Die woord "hard" verwys na hoe (die wyse waarop) die man die bal skop (werkwoord).

'n Woord wat verwys hoe 'n aksie uitgevoer word, word 'n bywoord van wyse genoem.

---

27. onwaar 2 punte

**Verduideliking:**
**Dikwels** en **gereeld** is sinonieme en dui op dieselfde gereelde handeling.

---

28. 'n Groot walvis het gister op Muizenbergstrand uitgespoel. 3 punte

**Verduideliking:**
'n Groot walvis het gister op Muizenbergstrand uitgespoel.

Na 'n aan die begin van 'n sin, is daar 'n hoofletter. Eiename word met hoofletters gespel.

---

29. A: Die vrou het die boek geskryf. 4 punte

**Verduideliking:**
Die hulpwerkwoord "het" dui die verlede tyd aan.

---

30. peperduur 3 punte

**Verduideliking:**
Spotgoedkoop is die intensiewe vorm van goedkoop. Duur moet dus ook in die intensiewe vorm (peperduur) gegee word.


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Totaal:** 102 Punte



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*